Downloaded from Stanmorephysics.com

**Basic Education**

**Department: Basic Education**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## GR.12 - SENIORSERTIFIKAAT- Proefeksamens (2021)

PUNTE: 100 TYD: 2 ½uur

---

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Opstel | 50 |
| Afdeling B | Langer Transaksionele Teks | 30 |
| Afdeling C | Kort Transaksionele Teks | 20 |

Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

Skryf in die taal wat geassesseer word.

Begin ELKE afdeling op 'n NUWE blasdsy.

Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagraam of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

Beplan jou tyd so:

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Opstel | 80 minute |
| Afdeling B | Langer Transaksionele Teks | 40 minute |
| Afdeling C | Kort Transaksionele Teks | 30 minute |

Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING A: OPSTEL**

**Vraag 1** Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk.

1.1 'n Toekoms om na uit te sien.
1.2 Ons leef in interessante tye.
1.3 Sy/Haar laaste woorde aan my sal ek nooit vergeet nie.
1.4 Moet ons almal help om water te bespaar?
1.5 Gelukkig het ek my selfoon by my gehad.
1.6 Kies EEN van die volgende pente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer ( bv. 1.6.1 en die titel van jou opstel neer.)

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



1.6.2



1.6.3 Downloaded from Stanmorephysics.com



**Totaal [50]**

---

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**Vraag 2**

Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **BEDANKINGSBRIEF**
Skryf 'n bedankingsbrief aan 'n onderwyser(es) wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het.

2.2 **RESENSIE**
'n Nuwe winkelsentrum het onlangs in julle buurt oopgemaak. Jy moet 'n resensie oor die nuwe winkelsentrum vir julle skoolkoerant skryf.

Skryf nou die resensie neer.

2.3 **HULDEBLYK**
Een van jou geliefkoosde onderwyser/onderwyseres het besluit om aan die einde van hierdie maand na 40 jaar diens af te tree. Omdat jy die klasleier is, het jou maats voorgestel dat jy 'n huldeblyk lewer.

Skryf nou die huldeblyk neer.

2.4 **DIALOOG**
Jou Afrikaans-onderwyser(es) is baie streng. Jy het nie jou voorbereide toespraak na skool kom doen nie. Skryf die gesprek wat tussen jou en die onderwyser(es) plaasgevind het in dialoogvorm neer.

**Totaal [30]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**Vraag 3**

Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het by die een of ander maatskappye om 'n studiebeurs aansoek gedoen. Hulle moet nou besluit of jy die beurs kan kry.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

Die dag vóórdat hulle besluit of jy die beurs kan kry.
Die dag nadat hulle jou van die besluit laat weet het.

3.2 **UITNODIGINGSKAARTJIES**

Julle matriekgroep besluit om die oumense om die oumense in julle omgewing na 'n ontbyt by die skool uit te nooi. Die doel van die ontbyt is om die oumense te bederf

Skryf 'n uitnodiging om die oumense na hierdie ontbyt uit te nooi.

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy het vir 'n kompetisie , genaamd **Toptienwenke: hoe om jou matriekpunte te verbeter** ingeskryf waarin jy groot pryse kan wen.

Skryf nou die wenke ( 7 -10) in die vorm van instruksies neer

**[20]**